# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL X. WOENSDAG, 28 SEPTEMBER 1955 NR. 10


# VERKIESINGS VERLOOP STIL

## Nuwe voorsitter luid toegejuig

Onder luide toejuiging is mnr. Tjaart van der Walt op Donderdagaand, 15 September, verkose verklaar tot voorsitter van die Studenteraad vir 1955-56. Mnr. W. F. Steenkamp vul die posisie van onder-voorsitter. Onder byna net so 'n luide toejuiging is mnr. N. Fourie en L. Swart verkies tot sekretaris en penningmeester van die Studenteraad.

Dit was die klimaks van die week van verkiesings onder die studentemassa wat alreeds op Maandag, 12 September 'n aanvang geneem het toe die onderliggame van die S.S.B. hulle nuwe besture verkies het. Die A.B.K.K.-verkiesings het op Dinsdag, 13 September, gevolg, dié van A.S.B. en Korps op Woensdag, 14 September en die verkiesing van die dagbestuur van die Studenteraad op 15 September.

### NIE GEORGANISEER

Die verkiesings het op die oog af besonder stil verloop. Hier en daar was daar 'n merkbare stryd, maar op baie vergaderings was die verkose besture die aanduiding van die algemene opinie. Tog het dit by nie een geleentheid geblyk dat daar vir een besondere bestuurslid vooraf „georganiseer" is nie.

### LUIDE TOEJUIGING


Besonder treffend was die geesdrif waarmee eers die sekretaris en penningmeester van die Studenteraad en later die voorsitter self, ontvang is. Selfs by die aankondiging van die tweetalle was daar elke keer 'n toejuiging. **Die massa het beslis vertroue in die jong, pasverkose Studenteraad.** In doodse stilte het die massa die bedankingswoorde van die nuwe voorsitter aangehoor. Sy woorde het daarvan getuig dat hy diep onder die indruk is van die taak wat op hom wag. Hy ken sy eie swakhede en daarom verwag hy ook veel van die ondervoorsitter, die Studenteraad en die massa, het hy gesê. **Sy taak sal hy egter altyd verrig in biddende opsien tot die Here wat hom ook in daardie amp geplaas het,** het hy ten slotte verklaar.

Hierdie verkiesing sal altyd onthou word as een van die stilste en aangenaamste verkiesings wat nog op die P.U. gehou is.



MNR. T. VAN DER WALT
(Voors. S.R.)

1952: Sekretaris van Skaakklub.
Voors. van Hellenika.
Pgm. van Wysgerige Vereniging.
1953: Voors. van Skaakklub.
Verteenwoordiger op A.B.K.K.
1956: Voors. van A.S.B.



MNR. W. F. STEENKAMP (S.S.B.)

1953: Org. van A.S.B.
1954: Sekr. van A.S.B.
Sekr. S.R.
O.-kapt. Bofbalklub.
Add. lid, Atletiekbestuur.
1954: Sekr. van A.S.B.
Sekr. S.R.
O.-kapt. Bofbalklub.
Add. lid, Atletiekbestuur.
1955: Voors. A.S.B.
Voors. Vreugdedag-hoofbestuur.
O.-voors. S.S.B.
Add. lid, Atletiekbestuur.
Kapt. Bofbalklub.
1956: Kapt. Bofbalklub.
O.-voors. A.S.B.
O.-voors. S.R.
Voors. S.S.B.

# „REPUBLIEK KOM OM TE BLY"

## Min. DE KLERK voor Korps.

**„Hierdie Regering is vasberade om voort te gaan op die weg om 'n Republiek in Suid-Afrika te kry en hierdie Republiek sal Christelik wees."**

Hierdie woorde is deur Sy Edele, minister Jan de Klerk gesê uit toe hy op Donderdag, 1 September 'n vergadering van die Korps V. V. toegespreek het. Hy het gepraat oor die Christelike Republiek in Suid-Afrika.

Van vroeg af het die gedagte by die bewoners van die suidpunt van Afrika ontwaak dat Suid-Afrika hulle vaderland is en dat hulle geen ander tuiste het nie. En van toe af het die gedagte ook posgevat dat die Republikeinse regeringsvorm die aangewese regeringsvorm is: 'n regering uit die volk, deur die volk self gekies. Daarom het die stryd ontbrand teen die monargistiese regering wat ons volk wou oorheers.

### SUID-AFRIKA EERSTE

Die een beginsel wat altyd voorop gegaan het, was „Suid-Afrika eerste," het mnr. De Klerk gesê. Toe genl. Smuts en Botha die politiek in 'n ander rigting wou stuur het Hertzog uit die kabinet gestap. Eers in 1924 het hy aan die bewind gekom. Die Rebellie van 1914 en die opstand in 1939, wat wel nie goed te praat is nie, was 'n uiting van hierdie Republikeinse gevoel. En in 1948 kom die Nasionale Party toe self aan bewind met sy Republikeinse ideaal.

Stap vir stap het alles meegewerk in die rigting van 'n Republiek, het spr. gesê. Twee-en-twintig jaar na die tot standkoming van die Unie kom Hertzog, met sy uitgesproke beleid aan die bewind. Van 1926 af sou Suid-Afrika nie meer 'n Dominium van die Britse Ryk wees nie. In 1926 kry die Unie sy eie vlag en in 1931 met die Statuut van Westminster word die Unie 'n selfstandige staat in die Gemenebes van Nasies. In 1936 verskyn die Republikeinse ideaal in die program van beginsels van die Nasionale Party.

### REPUBLIEK MOET BLY

As die Republiek eers gekom het, moet hy bly, het mnr. De Klerk gesê. Daarom moet die polisie en verdedigingsmag gereed wees om in te gryp, die land moet ekonomies-finansieël sterk wees, en die belange van al die groepe moet bevorder word.

(Vervolg in volgende kolom)

**Hierdie Regering is vasberade om op dié weg voort te gaan en wanneer die tyd daarvoor ryp is, sal die Regering ook weet wat om te doen en hoe om dit te doen,** het spr. gesê.

## DANKIE RASSIE

**Hiermee wil ek my opregte dank oorbring aan mnr. E. J. SMIT wat hierdie uitgawe van „Die Wapad" waargeneem het as hoofredakteur en as sodanig dan ook tesame met die redaksie verantwoordelik was vir hierdie uitgawe in geheel. Nogmaals baie dankie.**

**M. J. STRYDOM,**
**(Hoofredakteur).**

## DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL

LANGS WELKOM-KAFEE.

Besoek ons vir betroubare werk en spoed!

**FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.**

## J. TOD SUTTIE.

Komplete

**Mansuitrusters**

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 127 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

## UNIE BAKKERYE

Posbus 244 — Foon 167 en 1086.

BROOD, KOEK en PASTEITJIES.

Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.

TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.

Kerkstraat 38, Potchefstroom.

Spoorwegstraat, Klerksdorp

## MOOIRIVIER-APTEEK

Kerkstraat 155,

POTCHEFSTROOM


Telefoon 380.

**Die Apteek vir Diens!!**



# Eerste in die wêreld

As u 'n sensitiewe roker is, sal u Rembrandt van Ryn Filter de Lux —die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk — geniet. Dit bied nog groter genot — die room van die Tabakoes *plus* die „Golden Throat"-filter met dun lagies watte tussen kreukelpapier. Dit gee koel, verspreide rook — geen teken van tongbrand nie.




Prys in Suid-Afrika: 1/9 vir 20
Ook in standaard grootte:
Rembrandt Filter de Luxe teen
[illegible] vir 20, 3/6 vir 50

Rembrandt VAN RIJN

FILTER DE LUXE

**met die „GOLDEN THROAT"-filter**

VRFA6

## Studente . . . !!

Vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.

## POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL

Kerkstraat 90 — Telefoon 497

## INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE en KOLONIALE

- **Wynsoorte** en
- **Spiritualieë**

## DIE BULT Algemene Handelaar

Von Wiellighstraat 20,

VIR ALLE

KRUIDENIERSWARE, HARDEWARE, SIGARETTE, ens.

## J. HEIDEMA

Vir FIETSE en MOTORFIETSE

**J. HEIDEMA**

(teenoor Geref. Kerk.)
Kerkstraat 30,
POTCHEFSTROOM.

# Die Wapad

WOENSDAG, 8 SEPTEMBER 1955

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

## REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR ...... M. J. Strydom.

ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR E. J. Smit.

NUUSREDAKTEURS ...... Mej. S. J. E. M. van Schouwenburg, Mej. M. M. Malan, J. T. C. Snyman.

KUNSREDAKTEURS ...... Mej. J. M. T. van der Merwe. C. D. Roode.

SPORTREDAKTEURS ...... Mej. L. Grobbelaar. M. J. Strydom.

VARIAREDAKTEURS ...... Mej. L. du Plessis. S. P. B. Buys. W. van der Ahee.

SPOTPRENTTEKENAAR ...... J. M. Smith.

FOTOGRAAF ...... P. Thiel.

## ADMINISTRASIE

VOORSITTER ...... A. S. Hechter.

LEDE

Mej. B. Smit, Mej. M. Stoker, Mej. L. Coetzee, H. Harmse, J. L. Steyn, H. van der Walt, J. M. Bothma, H. van der Westhuizen, J. C. Coetzee, H. J. S. Swanepoel.


# LOJALITEIT EN SAMEWERKING

Weer 'n nuwe studenteraad. En 'n nuwe voorsitter. Is dit nou iets so besonders? Dit gebeur tog elke jaar. Dit is 'n kringloop wat voltooi word net soos die jaargetye. Die een gaan en daar is 'n ander wat sy plek inneem. Dis vanselfsprekend.

En tog — hier kleef iets besonders aan. Miskien is dit die sekerheid, die doelgerigtheid waarmee alles plaasgevind het. Miskien is dit omdat die nuwe Studenteraad so in die oog-lopend jonk en onervare op hierdie terrein is. Maar dit staan vas: **dat dit onherroeplik die keuse van die massa is en dat die massa onteenseglik hulle entoesiasme betuig het met veral die aankondiging van die nuwe voorsitter.**

Die nuwe Studenteraad is jonk, dit sal niemand bewtyfel nie, maar weet ons wat dit beteken? En die hartewens van die voorsitter om in noue kontak met die massa te bly, is mooi woorde, maar weet ons wat dit beteken? Dit beteken alleen maar **lojaliteit** teenoor hulle wat ons self daargestel het om ons sake te behartig.

Is daar nie al meer as een deur 'n massa gemaak — en gebreek nie? En dit net omdat die massa ontrou is aan homself, omdat hy sy eerste liefde verlaat. En wie sal dan die massa beskuldig? Nee, die skuld kom die verworpeling toe, terwyl die massa voortjaag op sy soektog na 'n nuwe een . . .

Laat dit nie met ons so gaan nie! **Waar ons in volle verantwoordelikheid ons keuse gemaak het, laat ons ook ons verantwoordelikheid verder gewilliglik dra. Lojaliteit en bereidwilligheid** gaan saam. Laat die hartewens van die voorsitter van ons kant ook 'n ideaal word. Dan sal daar vreugde in die samewerking wees — en dit sal gedeelde vreugde wees.

E. J. S.


Enslins DRUKKERS VAN „DIE WAPAD"


## Oordenking

# GAUDEAMUS IGITUR!

**PREDIKER 11:9: „Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid . . . maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring."**

Dat 'n „Prediker" sal preek, is vanselfsprekend. Maar dat 'n ou man (lees maar sy ontroerend realistiese beskrywing van die ouderdom in Prediker 12 en u sal sien dat hy die ouderdom uit persoonlike ervaring ken) wat geleef het 'n paar honderd jaar voor Christus, nog vir jongmense van die twintigste eeu 'n boodskap het, is nie so vanselfsprekend nie. Dit is alleen te verklaar uit die feit dat sy woorde ewigheidswaarde het; dit besit ewige jeugdigheid en aktualiteit, omdat dit die Woord van God is wat die Prediker spreek.

**Die merkwaardigste is egter dat die Prediker die „teks" vir sy preek as't ware uit ons studentelewe neem: „Gaudeamus igitur . . . verbly jou dan in die dae van jou jonkheid . . . iuvenes dum sumus." En met hierdie teks as grond, neem die Prediker as tema van sy preek: GETEMPERDE LEWENSVREUGDE.**

Die Prediker is nie 'n skeptisis of 'n sinis, wat met 'n smaal om sy mond die ligsinnige bedrywighede van die jeug uit die hoogte betrag nie; hy is nie 'n ontnugterde mens nie — anders sou hy nie gesê het: „Verbly jou in jou jeug, en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë . . . . en weer verdriet uit jou hart, en hou die kwale weg van jou liggaam . . . . " nie. In die taal van vandag uitgedruk: „Speel jou rugby en hokkie en volkspele, en word maar opgewonde oor die intervarsity en sing maar lustig saam met jou medestudente, en geniet jou werk en ontspanning en die geselsqap van die teenoorgestelde geslag. Trinkt, o Augen, was die Wimper hält, von dem goldnen Ueberfluss der Welt."

Daarom is dit nie as gevolg van onsportiwiteit of spelbrekerigheid nie as hy sê: „MAAR . . . . " Dit is bloot omdat hy die betreklikheid van al hierdie dinge verstaan, en omdat hy weet hoe maklik die betreklike die absolute kan verdring. Daarom tel hy die waarskuwende vinger op: „Maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring."

Gelukkig weet ons dit ook. En as 'n mens dit werklik weet, dat God jou in die gerig sal bring, dan is dit te ernstig om sonder meer van jou af te skud, en dan is selfondersoek vanpas: „Is my vreugde miskien **ongetemper?** Gaan dit heeltemal op in my **lewenslus?** En beheers dit my hele lewensinstelling, sodat ek nie meer aan my Skepper dink in die dae van my jonkheid nie? Nie meer ag gee op daardie 'maar' van die Prediker nie?"

Want ongetemperde lewenslus verdring die ware lewensvreugde, die vreugde oor die genade wat God aan ons betoon en oor die verlossingswerk van Onse Here Jesus Christus, wat die verloste van blydskap en verwondering moet laat snak na sy asem. En ongetemperde lewenslus vernietig die verlange na die ewige lewensvreugde.

Luister na die slotsom waartoe die Prediker in sy preek geraak: Laat jou lewensroes temper deur die wete: God sal my hieroor in die gerig bring. En as jy hierop ag gee dan sal ook getemperde ouderdoms- en sterwenssmart en ongetemperde vreugde in die ewige lewe, jou deel wees — **Gaudeamus igitur;** my siel, daar is ryke stof!

J. A. VAN ROOY.

## NUUSBROKKIES

Die Hertzog-seminaar in Regte word op 14 Oktober amptelik geopen deur **dr. Albert Hertzog.** Die verwagting bestaan dat dr. Hertzog ook geleentheid sal vind om die Regsvereniging toe te spreek.

Gradedag vind a.s. jaar op **17 Maart** plaas — presies vyf jaar nadat die Universiteit selfstandig geword het. 'n Groot feestelike geleentheid word in die vooruitsig gestel. Hopelik sal **Min. Jan de Klerk** ('n oud-student) as spreker optree. Graduandi wat teen daardie tyd nie meer op die Universiteit sal wees nie, word versoek om die kantoor op hoogte te hou van hulle adresse om die reëlings te vergemaklik.

**Mnr. J. Pretorius** is vanaf Januarie 1956 benoem as senior lektor in Engels.


**LOOCK**
**Kleremakers**
**Calderbanksgebou,**
Kerkstraat 102 — Telefoon 855
POTCHEFSTROOM.

**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel**
en
**Antikwariaat.**
vir al u
**Wetenskaplike Boeke**
**en Skryfbehoeftes.**
Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

**HAROLD'S**
**AUTOMOBILE SERVICE STATION.**
Kerkstraat 166 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
●
Voorradehouers van alle
**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

★

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
vir alle
**SPORTUITRUSTING en SPORTBENODIGDHEDE.**

★

**A. T. LUKE & KIE.**
**APTEKERS**

Vir al u . . .

- Mediese en skoonheidsbenodigdhede

sowel as

- Radio en Elektriese Benodigdhede,
- Kiekies ontwikkel en afdruk.

**Bus 29, Potchefstroom, Tel. 39**

**CORNER FRUIT STORE**
vir al u
- VRUGTE, LEKKERS,
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS.

**VRUGTE en GROENTE.**
**Bekend van weë sy UITSTEKENDE DIENS!!**

**I. GLASER—Juwelier**
**NUWE ADRES:**
**vanaf 1 April**
**h/v. KERKSTR. en AUTOLAAN,**

# VERKIESINGSUITSLAE.

## A. STUDENTERAAD.

Voors.: Tjaart van der Walt; O.-voors.: W. F. Steenkamp; Sekr.: N. J. Fourie; Pgm.: L. J. Swart; Lede: F. J. Labuschagne, P. A. Smit, R. V. Venter, D. Postma, J. H. Coetzee, E. J. Smit, J. Steenkamp, Mej. M. du Plessis, Mej. E. Geertsema, Mej. C. Smit.

## B. HOOFLIGGAME:

**1. A.S.B.**
Voors.: T. van der Walt.
O.-voors.: W. F. Steenkamp.
Sekr.: D. Postma.
Pgm.: J. J. Henning.
Org.: F. W. de Klerk.
Add. lede: P. A. Smit, E. J. Smit, Mej. M. du Plessis, Mej. H. van der Walt.

**2. KORPS.**
Voors.: F. J. Laubschagne.
O.-voors.: P. A. Smit.
Sekr.: P. J. de Bruyn.
Pgm.: R. V. Venter.
Add. lede: H. J. van der Walt, Mej. M. van der Walt, Mej. M. Stoker.

**3. A.B.K.K.**
Voors.: J. H. Coetzee.
O-voorsi.: E. J. Smit.
Sekr.: A. P. Brink.
Pgm.: P. G. L. van der Walt.
Lede: N. Steenkamp, J. H. van der Walt, R. V. Venter, J. H. Schutte, Mej. E. Geertsema, Mej. S. Yssel.

**4. S.S.B.**
Voors.: W. F. Steenkamp.
O.-voors.: J. J. Steenkamp.
Lede: W. J. Putter, C. Coetzee, J. Blignaut, D. Hauptfleisch, D. du Plessis, Mej. C. Smit, Mej. E. C. L. Seyffert, A. Burger, V. van Ryneveld.

## C. ONDERLIGGAME VAN DIE A.B.K.K.:

**1. VOLKSPELE.**
Voors.: J. H. Coetzee.
Dames-leidster: Mej. E. Geertsema.
Sekr.: R. van der Walt.
Pgm.: R. V. Venter.
Add. lede: A. C. A. Coetzee, Mej. S. du Plessis.

**2. ALABAMA:**
Voors.: Hennie van der Walt.
O.-voors.: L. van Wyk (snr.).
Sekr.: J. J. du Toit.
Pgm.: P. Thiel.
Add. lede: J. H. Coetzee, Mej. S. Yssel.

**3. DEBAT.**
Voors.: E. J. Smit.
O.-voors.: P. J. de Bruyn.
Sekr.: Mej. M. du Plessis.
Add. lede: J. H. Schutte, Mej. R. Strydom.

**4. SKAAK.**
Voors.: P. G. L. van der Walt.
O.-Voors.: R. V. Venter.
Sekr.: D. Prins.
Pgm: K. van der Walt.
Dameslid: Vakant.

**5. THALIA.**
Voors.: A. P. Brink.
O.-voors.: C. D. Roode.
Sekr.: C. Coetzee.
Pgm.: A. Prollius.
Fatsa-verteenw.: J. G. Venter.
Add. lede: N. Steenkamp, Mej. W. Botha.

## D. ONDERLIGGAME VAN DIE S.S.B.:

**1. STOEI.**
Kapt.: W. J. Putter.
O.-Kapt.: S. R. Pretorius.
Sekr.: M. Viljoen.
Pgm.: H. C. Swanepoel.
Add. lid: P. Brandt.

**2. BOFBAL.**
Kapt.: W. F. Steenkamp.
O.-Kapt.: J. Steenkamp.
Sekr.: C. du Plessis.
Pgm.: H. van der Walt.
Add. lid: B. van der Walt.

**3. MANSHOKKIE.**
Kapt. C. Coetzee.
O.-kapt.: P. J. de Bruyn.
Sekr.: S R. Pretorius.
Pgm.: P. G. L. Stiemert.
Add. lid.: H. Dijkstra.

**4. RUGBY.**
Kapt.: J. J. Steenkamp.
O.-Kapt.: N. J. Fourie.
Sekr.: B. van der Walt.
Pgm.: H. Erasmus.
Add. lid: D. Putter (snr.).

**5. JUKSKEI.**
Kapt. J. Blignaut.
O.-kapt.e: Mej. A. Struwig.
Sekr.: J. C. Hendriks.
Pgm.: J. van der Walt.
Add. lede: J. Britz, Mej. B. Lötz.

**6. KRIEKET.**
Kapt.: D. Hauptfleisch.
O.-Kapt.: B. Potgieter.
Sekr.: C. Coetzee.
Pgm.: A. Venter.
Add. lid: De Wet Venter.

**7. ATLETIEK.**
Kapt.: As Burger.
O.-Kapte.: S. Venter.
Add.: lede: D. Taljaard, Mej. C. Visser.

**8. SWEM.**
Kapt.: N. van Ryneveld.
O.-kapte. Mej. M. Scheepers.
Sekr.: P. Thiel.
Pgm.: S. van der Westhuizen.
Add. lede: De Wet Venter, Mej. L. Heslinga.

**9. DAMESHOKKIE.**
Kapte.: C. Smit.
O.-kapte.: J. Schoeman.
Sekre.: M. Scheepers.
Pgm.: B. Seyffert.
Add. lede: A. Struwig, M. du Toit.

**10. KORFBAL.**
Kapte.: B. Seyffert.
O.-Kapte.: S. Yssel.
Sekre.: B. Chapman.
Pgm.: J. Erasmus.
Add. lede: A. Coetzee, B. Strydom.

**11. TENNIS.**
Kapt.: D. du Plessis.
O.-kapte.: Mej. J. Schoeman.
Sekr.: A. Makkink.
Pgm.: D. Postma.
Add. lede: J. Scholtemeyer, Mej. A. Struwig.



MNR. J. H. COETZEE (A.B.K.K.)

1953: O.-voors. Thalia.
Add lid Volkspele.
Sekr. A.B.K.K.

1954: Volkspeleleier.
O.-voors. A.B.K.K.
Pgm. Ontspanningskomitee.
Sekr. Vreugdedag-hoofbestuur.
Lid van die S.R.

1955: Volkspeleleier.
Pgm. Alabama.
O.-voors. A.B.K.K.

1956: Volkspeleleier.
Voors. A.B.K.K.

## NUUSBROKKIES

**Mnr. J. J. Henning** is vanaf Februarie 1956 benoem as lektor in Naturelle-Administrasie en Volkekunde.

**Dr. M. C. Pa pendorf** is vanaf Januarie 1956 benoem as senior lektor in Plantkunde.

**Dr. J. H. Coetzee** is vanaf Januarie 1956 benoem as professor in Volkekunde en Naturelle-administrasie.



MNR. E. J. SMIT (A.B.K.K.)

# Van Studenteraadswee

Vir die tweede keer in een jaar sit al wat Puk en Pukgenoot is met 'n klomp eerstejaars opgeskeep. Simpatie, moedhou en sterkte! Want as Februarie se aankomelinge uit 'n hopelose toestand van matriek-vervaardheid danksy u ontgroeningsaksie binne enkele maande tot volwaardige P.U.-studente sal kan promoveer, dan is daar gewis hoop dat 'n kragdadige tweede ontgroeningspoging uit u midde die jong en onervare veertiental wat u daargestel het, tot rypheid sal bring. Ontgroen ons dan vanjaar na hartelus Pukke — ons sal dit waardeer.

## DIE VERLEDE: HARTLIK DANK!

'n Terugblik oor die afgelope jaar bied beslis veel stof tot dankbaarheid. Oor die prestasies van 1955 is egter al genoeg gesê: daarvoor is die verskillende jaarverslae immers daar. 'n Laaste woord van opreg-gevoelde dankbaarheid is hier egter 'n behoefte van die hart. Weer eens dus aan die aftredende studenteraad, aan alle besture en werkgroepe, en veral aan alle stille arbeiders — waarvan gelukkig nog talle in ons midde is — 'n handdruk van dank en waardering. En dit veral aan die stoere strydrosse wat nou oudstryders word sover dit ons studentelewe aangaan. Alle sterkte vir die toekoms in 'n nuwe werkkring — en laat die band tussen u en ons altyd heg en innig bly, waar u ookal te staan kom. En nou nog meer spesifiek: ons staan vandag in diepe erkentlikheid teenoor Mnr. Ph. C. Snyman. Ten volle kan ons u nooit bedank nie. Weet egter dat ons u toegewyde, onbaatsugtige leiding en u klare, beginselvaste siening in 'n jaar van uiters drukkende werksaamhede nie sal kan vergeet nie.

Waar u nou aan die einde van die jaar met die Bailey-beurs oorsee vertrek, wens ons u 'n aangename reis toe en waar u daarna ook Europa sal besoek, is dit ons bede dat u besoek tot seën sal strek, nie alleen van u self nie, maar ook van u volk en u Kerk.

## DIE TOEKOMS: VOORWAARTS!

En nog kan ons nie van die verlede loskom nie. Miskien is dit ook maar goed so. Laat ons net toesien dat ons die verlede as basis, en nooit as ideaal nie, beskou. 'n Stewige basis is dit voorwaar. En op hierdie fondament wil ons in die komende jaar voortbou. Laat ons dan almal doelgerig skouer aan die wiel sit en vorentoe beur met al ons kragte. En laat ons nou reeds begin. Laat elke bestuur, elke Puk, NOU die grondlyne trek vir 'n grootse jaar. En onthou: waar onervarenheid op feitlik alle besture 'n probleem is, daar kan slegs die vuur en idealisme wat eie aan die jeug is, vergoed vir die wysheid wat grys hare bring.

## BLOKTYD EN . . . .

Te maklik spring mens ongelukkig nie van September na Februarie nie. Knel se hoogte en Magdala se spelonkranse skei nog 1955 van 1956. Vir die bloktyd dan wat voorlê, Pukke, alle sterkte; vir die eksamens wat dreig, nog meer voorspoed; en vir die vakansie wat die wonde moet balsem, soete rus en herstelde kragte. Want groot dinge lê voor: kaffeterias, P.W.-Buys-trofieë, allerlei toere, ontgroenings en wat dies meer sy.

## WEER EENS ONS

Dis tog 'n moeilike kwessie om lank oor ander mense te praat. Weer eens dan iet soor u veertiental. Met al ons jeugdige onervarenheid en pantoffelregering het ons per slot van rekening net een doel voor oë — diens. En dan nie abstrakte, doellose, koue diens nie. Ons wil saam met u werk, Pukke. **Ons wil ten alle tye ten nouste met alle P.U.-studente saamwerk.** Gee ons dan daartoe die geleentheid. Neem ons in u vertroue. Kom vryelik met u wenke en kritiek, wense en probleme. Aan die ander kant sal ons ten graagste steeds probeer om u belange te behartig, u moeilikhede te ondersoek, u voorregte te verdedig. Ons wil waarlik in die volle sin van die woord, onder ons volk woon.

En as u met die loop van tyd enige verandering in ons houding, enige muur van verhewe afsydigheid of kille gebrek aan belangstelling opmerk, neem ons dan vriendelik by die nek en smyt ons uit.

## 'N PREKIE

Maar laat, bowe alles, altyd reg en geregtigheid geskied. Ondersteun steeds die saak en nie die persoon nie. En moenie van ons verwag om altyd populêr te wees nie. Beginsels verg opoffering. Laat ons dan bereid wees om duur te betaal vir dit wat vir ons heilig en kosbaar is.

En laat ons mekaar altyd liefhê en in liefde dra en lei. Partyskappe en groepvorminge maak die uitbou van ons beginsels op alle terreine van die lewe bykans onmoontlik. Afguns en nyd hoort waarlik nie in die studentegemeenskap van 'n Christelike universiteit nie. Waak dan daarteen, om sodoende 'n jaar van vrugbare werksaamheid binne te gaan.

En laat ons hele lewenswandel — ook in die studentelewe — deurdronge wees van ons allerbeheersende lewens- en wêreldbeskouing. Ons is immers nie verniet juis van die P.U. vir C.H.O.-studente nie.

En laat die sagmoedigheid en nederigheid bly. Want in die laaste instansie is dit nie ons wat die toekoms bou of roemryke prestasies daarstel nie. Aan ons dan nie die eer nie: maar mag alles wat ons doen net een doel dien: die eer van God, die God wat ook u studenteraad, u besture, en u almal geroep het tot Sy diens in die komende jaar, ook in ons studentelewe.

T. v.d. W.

## VAN DIE REDAKSIE



Ons Huis 25,
P.U. vir C.H.O.,
23 Sept. 1955.

Geagte Lesers,

Nie alleen „Die Wapad" nie, maar ook alle besture van ons studentegemeenskap het in die afgelope week aan die einde van hul werkjare gekom. Met hierdie uitgawe van „Die Wapad" wil die redaksie dan ook sy werksaamhede vir die jaar afsluit deur aan u almal totsiens toe te roep, sterkte toe te wens vir die komende eksamen en die hoop uit te spreek dat diegene van u wat ons die einde van die jaar verlaat, om u lewenstaak te begin, voorspoed en seën op u onderskeie weë sal vind.

In die besonder egter wil ons in die eerste plek ons hartlike dank oorbring aan die Studenteraad van 1955 wat deurgaans vir ons as redaksie van „Die Wapad" 'n steun en bystand was. Sonder u hulp sou hierdie koerantjie van ons nie 'n sukses kon wees nie. In die tweede plek ons hartlike dank aan alle studente wat die redaksie so getrou bygestaan het deur die jaar.

'n Besondere woord van dank ook aan die drukkery, Enslins, wat ten alle tye uit sy pad uit gegaan het om alles vir ons so gerieflik moontlik te maak met die uitgee van ons blad en wat nooit anders as alleen maar die beste diens aan ons gelewer het nie. Sonder hierdie bekwame hulp en ook die simpatieke raad wat ons daar gekry het sou ons baie min kon verrig. Ons opregte dank en waardering!

Aan die nuwe Studenteraad wil die redaksie vervolgens sterkte toeroep vir die arbeid wat in die volgende jaar voorlê. Mag u steeds die gehele studentegemeenskap voorgaan met krag en daad en mag u altyd vir ons wees die liggaam na wie ons as studente kan opsien om hulp en leiding.

'n Laaste sterkte-toewensing gaan aan mnr. Ph. C. Snyman, die afgetrede voorsitter van die Studenteraad van 1955, wanneer hy aan die begin van Desember op 'n drie maande-lange besoek na die buiteland sal vertrek. Ons wens u 'n aangename reis en vakansie toe.

Nogmaals, geagte lesers, baie dankie — en totsiens!

M. J. STRYDOM,
(Hoofredakteur).

## EREKLEURE

Die volgende persone het in die verskillende sportklubs ere-kleure verwerf gedurende 1955:

Dameshokkie: **Mej. L. du Plessis.**

Voetbal: **J. C. Strydom, S. Blom, W. J. Duvenhage** en **N. J. Fourie.**

Atletiek: **W. J. Duvenhage.**

Jukskei: **Mej. A. Struwig.**

Stoei: **H. C. Swanepoel, W. J. Putter.**

Tennis: **A. Makkink, Mej. E. Kruger.**

**W. J. GROBBELAAR**
**MANS en DAMES-HAARKAPPER.**
**Kerkstraat 97 — Telefoon 330.**

**„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"**
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)
BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n
**FIETS aan te skaf.**
**C. v. d. MERWE**
**FIETSHANDELAAR**
**Kerkstraat 92, Potchefstroom**

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)
• **OOGKUNDIGE.**
• **Brilspesialiteit.**
**U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.**
**Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980**
EIE OPTIESE SLYPERY.
**Depot: CARLZEIS-JENA.**




# „Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

** Uit fabrieke in al vier die provinsies, kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A




# Brokkies uit die Kunswêreld.



## Puik Simfoniekonsert.

Die Simfoniekonsert wat deur die Musiekvereniging op die 10de September in die Totiusgedenksaal aangebied is, was die hoogtepunt van vanjaar se bedrywighede in Potchefstroom se musiekwêreld.

As van die Standpunt uitgegaan word dat die orkes grotendeels uit amateurs bestaan en dat die konsert 'n week vervroeg moes word, wat intensiewe oefening in die wiele gery het, was die konsert baie geslaagd en van redelike gehalte. Die orkes het by tye swak gespeel, ja, uiters swak en die nodige afronding het byna deurgaans ontbreek. **Mnr. Pieter de Villiers** het weer eens gesorg vir 'n puik uitvoering van Grieg se klavierkonsert en met uitsondering van die eerste deel toe daar 'n paar lelike glipse was, het hy hom goed van sy taak gekwyt.

**Maar dit is eintlik die klein Vincent Frittelli, die 14-jarige violis, wat almal se harte verower het. Hy kan nie anders as geniaal beskryf word nie en Potchefstroom kan homself gelukkig ag om hom hier te kon hoor optree. Hy het 'n uitvoering van Meldelssohn se vioolkonsert gegee wat ongetwyfeld gunstig vergelyk met dié van wêreldberoemde violiste soos Menuhin, Campoli en Heiffetz! Hierdie klein wonderwerk het alles wat 'n violis maar kan verlang om te besit; asemrowende tegniese vaardigheid, 'n verbasende rypheid en insig in die werk, musikale benadering en die regte naam om van hom nog een van die beste violiste te maak wat daar op die oomblik is!**

Telkens was sy tempo so snel dat die orkes nie kon byhou nie en veral die houtblaas-groep het hopeloos uitgesak. Jammer dat die orkes by tye probeer het om hom dood te speel.

Met die nodige steun van die studente en publiek kan hierdie konsert 'n jaarlikse instelling word wat ongetwyfeld baie sal bydra tot die uitbouing van ons kulturele lewe. Die Musiekvereniging verdien alle lof vir die wyse waarop die konsert georganiseer is!


**KOM SIEN ONS—**

vir al u

- **Fotografiese**

en

- **Aptekersbenodigdhede.**

**GEEN & VELLEMAN**

**Kerkstraat,**

**POTCHEFSTROOM.**

# W. A. VENTER

**HORLOSIEMAKER • JUWELIER.**

**KERKSTRAAT 152, POTCHEFSTROOM.**

•

**FAHIR-VERLOOFRINGE**

•

**MAKLIKE TERME . . . . . . . GEEN DEPOSITO.**

**Alle soorte Reparasies! Alle werk gewaarborg!**

# EXCELSIOR MEUBELS

**Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743**

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**

**ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.**

*Beyers Claassen* FOTOGRAWE — Nou ook te Kerkstraat 84 - - Foon 45
Kom Kyk na ons Uitstalling van KAMERAS

# DIE BOODSKAP VAN AFTREDENDE VOORSITTER

Geagte Pukke,

**Daar is 'n tyd van kome en daar is 'n tyd van gaan"**


Dit is alreeds die laaste woord wat die Studenteraad van 1955 u toevoeg. Soos by alle afskeid is daar sekerlik gemengde gevoelens as 'n mens terugkyk op die pad waarlangs ons gekom het. Daar is diegene wat agterbly en daar is diegene wat gaan, hulle Alma Mater na die uiterlike mens vir goed verlaat.

Die jaar wat dan ook nou hiermee verby is, was waarlik 'n baie aangename, Pukke, op alle onderskeie terreine van ons Studentelewe. Ja daar was baie vreugde, baie wee — baie om nooit te vergeet nie. Vir die wat saam weggaan, baie dankie vir al die aangename dae, ook vir die verskille . . . die opregtes word daardeur beproef en die onwilliges beskaam. Vir die wat agterbly sê ons: **„Wees Pukke en bly Pukke".** Om 'n Puk te wees is sekerlik nie so moeilik as om een te bly nie. In een van die S.R.-notules van vanjaar staan iets van 'n knoopsgatwapen met 'n rooi rand. Kort daarop staan in 'n ander notule weer iets van die verandering daarvan wat onmoontlik is. Daar was erkenning van swakheid dus. Maar toe die wapentjie kom het ons vir hom lief geword.

Hiermee bedoel ons dat deur altyd swakheid te erken, onvolkomenheid om ALTYD deur te tas te bely, kan daar altyd 'n liefdevolle ooreenkoms tussen die wat regeer en die wat regeer word, wees. Dit geld ook al wat Puk is in die omgang en daarom is dit ook een van die grondstene van „om Puk te bly" . . . ALTYD ootmoedig!

Maar daar het 'n nuwe Studenteraad gekom. Baie geluk, Pukke, met u keuse. Ons weet dat wat hierbo gesê is van ootmoed ook juis ons nuwe voorsitter tipeer. Mag sy raad dit van hom leer en dit steeds in hom waardeer! Aan Tjaart van der Walt en die nuwe S.R. wil ons van harte sterkte toewens en ook die onverdeelde steun van almal wat volg. Mag ook by die wat volg steeds ootmoed wees in die raad wat hulle gee!

Ons wil afsluit met 'n woord van hartlike dank nogmaals, aan almal wat ons so bygestaan het om die werk te doen waartoe ons geroep was. Ek spreek namens die S.R. van 1955. Ons wil ons hooggeagte rektor verseker dat ons die simpatieke wyse waarop hy ons aangehoor en adviseer het hoog op prys stel. So ook aan ons geagte registrateur. Aan die redaksie van die Wapad wat ons altyd 'n kolom verleen het, ook baie dankie.



Nogmaals aan al die Pukke dieselfde in die woorde waarmee ons 'n jaar gelede begin het:

**"The night has a thousand eyes,**
**And the day but one;**
**Yet the light of the bright world dies.**

**With the dying sun.**
**The mind has a thousand eyes**
**And the heart but one;**
**Yet the light of the whole life dies**
**When love is done.**

**Ph. C. SNYMAN,**
**(S. R. Voorsitter, 1955).**

## DIE BULT SKAATSBAAN

**„Pukke, ondersteun ons vir aangename ontspanning!"**

**Open van 4 tot 5.30 nm. en vanaf 8 uur in die aand.**

## Benoemings en aanstellings van die Studenteraad.

Op 'n onlangse vergadering van die Studenteraad is die volgende benoemings en aanstellings gemaak vir 1956:

**1. DIE BESEMBOS.**
Hoofred.: **M. J. Strydom.**
Sakebest.: **J. D. v.d. Vyver.**

**2. DIE WAPAD:**
Hoofred.: **E. J. Smit.**
Sakebest.: **H. C. Swanepoel.**

**3. DIE PUKKIE:**
Hoofred.: **J. M. Smith.**
Sakebest.: **P. G. L. Stiemert.**

**4. VREUGDEDAG-HOOFBESTUUR:**
Leier: **A. P. C. Duvenage.**
O.-voors.: **C. D. Roode.**
Sekr. **L. A. S. v. Wyk.**
Pgm. **P. J. Gagiano.**

**5. ARGIEF:**
Argivaris: **P. G. L. v.d. Walt.**
Hulp-Argivaris: **H. L. v.d. Westhuizen.**

**6. GESELLIGHEIDSKOMITEE:**
Voors.: **J. D. v.d. Vyver.**
O.-voors.: **D. Postma.**
Sekr.: **J. C. Coetzee.**
Pgm.: **H. Erasmus.**
Dameslede: **H. v.d. Walt, I. v.d Vyver, L. de Beer, S. Grobler, H. van Rensburg.**
Manslede: **A. Yssel, W. Postma, A. Venter.**

**7. ONTSPANNINGSKOMITEE:**
Voors.: **A. P. Brink.**
O.-voors.: **J. H. Coetzee.**
Sekre.: **R. Oosthuizen.**
Pgm.: **L. Strydom.**
Add. lid: **J. v.d. Walt (mej.)**

**W. J. SPAVINS & SEUN**

vir alle

***Elektriese Benodighede***

**KOELKASTE • RADIO'S**

**Kerkstraat 65 — Potchefstroom**

**MNR. J. S. DU PLESSIS,**

**U VERTEENWOORDIGER VAN**

**REMBRANDT**

**Meyerstraat 9 — Telefoon 897**

**POTCHEFSTROOM.**

## PERSOONLIK

Die volgende persone word baie hartlik geluk gewens met hulle mondigwording gedurende die afgelope kwartaal: Anet van der Walt, Trynie Eksteen, Wouter de Vos, Elmine Duvenhage en Lina de Beer.

Ons wil Sofie Claassens, Susan Jordaan en Ena Stander baie hartlik geluk wens met hulle verlowings aan dr. H. Vosloo, mnr. Jan Kotze en dr. L. Lingenvelder onderskeidelik.

Uit baie betroubare bronne verneem, dat die huweliksklokke gedurende die laaste maand van die jaar sommer aanhoudend gaan lui vir sommige van die Pukke en oud-Pukke. O.a. vir: Jannie Potgieter en Nandi O'Grady, Pottie S. R. en Bets Venter, Lina Steyn en Daisy de Nyssen, Rina Oosthuizen en Kalahari Burger, Handsome (Neels) van der Linde) en Petro Robbertse, Bessie Badenhorst en R. Oosthuizen, Ina Malan en Chris Wentzel, Amor Horn en Jannie Coetzee, Ina v.d. Walt en Josef Henning.



**MNR. P. A. SMIT (Korps),**
1955: Sekr. S. R.
1956: O.-voors. Korps.



**MNR. F. J. LABUSCHAGNE (Korps)**
1953: Sekr. Hellenika.
1955: Sekr. A. S. B.
Lid van S.R.
1956: Voors. Korps.

# SKAAKRUBRIEK

Dikwels as ons self speel en ons maak 'n baie goeie set (natuurlik volgens ons eie mening!), dan wonder 'n mens of dit nie dalk die set van die eeu is nie. In die spel wat volg het die wit speler seker die mees magnifieke set gemaak waaraan 'n mens kan dink.

Die spel is ietwat aan die lang kant, maar so mooi dat ek dit moeilik kon weglaat. Die Hongaarse meester Gyula Breyer en Esser het dit in 1917 in Budapest gespeel.

Hierdie keer gebruik ek die algebraise notasie met die volgende afkortings: T—toring, L—loper, K—koning, D—dame en R—ruiter.

Wit: Breyer. Swart: Esser

Dame gambiet, afgewys.

1. d4, d5; 2. c4, c6; 3. Rb1 c3, c7-c6; 4. e2-e3, R-f6; 5. Lf1-d3, Lf8-d6; 6. f2-f4, 0-0; 7. Rg1-f3, d5 x c4; 8. Ld3-h7! Hierdie set dui dadelik op 'n sterk aanval aan die koningskant. 8. . . . . , b7-b5; 9. e3-e4!, Ld6-e7; 10. Rf3-g5 h7-h6; 11. h2-h4! Wit is bereid om 'n stuk op te offer vir die oop h-kolom. 11. . . . ., g7-g6, 12. e4-e5!, h6 x g5; 13. h4 x g5, Rf6-d5. Wat sou u nou speel? Dit is die set waarna in die begin verwys is. Dit is 'n unieke aanvallende set! 14. Ke1-f1, Rd5 x c3; 15. b2 x Rc3, Lc8-b7; 16. Dd1-g4, Kg8-g7; 17. Th1-h7 sk!, Kg7 x h7; 18. Dg4-h5 sk., Kh7-g7; 19. Dh5-h6 sk. Wit het hierdie posisie duur gekoop. Dit kos hom niks minder as 'n toring en 'n ruiter nie! 19. . . . . ., Kg7-g8; 20. Lb2 x g6!, f7 x g6; 21. Dh6 x g6 sk., Kg-h8; 22. Dg6-h6 sk., Kh8-g8; 23. g5-g6! Hierdie set verklaar wit se 14de set. As dit wit koning steeds op sy oorspronklike vierkant was, sou swart nou die dreigende skaakmat kon afweer deur Le7-h4 sk., gevolg deur Dd8-e7. Nou wonder ek net hoever vooruit ek dit so sou kon beplan!

23. . . . . , Tf8-f7; 24. g6 x Tf6 sk., Kg8 x f7; 25. Dh6-h5sk., Kf7-g7; 26. f4-f5, e6 x f5; 27. Lc1-h6 sk. Hiermee gee swart die stryd gewonne want hy wil nie nog wag vir: 27. . . ., Kg7-h7; 28. Lh6-f4 sk., Kh7-g7; 29. Dh5-h6 sk., Kg7-g8; 30. Dh6-g6 sk., Kg8-h8, 31. Kf1-e2!, Le7-h5; 32. Ta1-h1, Rb8-d7; 33. Lf4-g5, Dd8 x g5; 34. Dg6 x g5, ens. en wit wen maklik.

(Ingestuur deur N. F. Laubscher)



MEJ. E. GEERTSEMA (A.B.K.K.)
1955: Huiskomitee.
1956: Volkspele-leidster.


# PHLIP SNYMAN GAAN OORSEE

Op 2 Desember, 1955, vertrek ons voormalige S.R.-Voorsitter met die Edinburgh Castle na die buiteland. Sy toer gaan deur die verenigde koninkryk, nl. Engeland, Skotland, Ierland, Wallis, en duur tot 26 Januarie 1956. Dan eindig die offisiële toer van die S.R.-voorsitter, maar mnr. Snyman is van plan om 'n private toer na die vasteland, nl. Frankryk, Switserland, Nederland, Oostenryk en Duitsland te onderneem. Die gedagte is om besoek te bring aan kerk-historiese plekke asook aan die Vrije Universiteit te Amsterdam.

Mnr. Snyman hoop om gedurende die eerste week in Maart, 1956 weer in Kaapstad te arriveer.



MNR. J. J. STEENKAMP (S.S.B.)
1954: Pgm. Voetbalklub.
1955: O.-voors. Voetbalklub.
Pgm. A.S.B.
1956: Kapt. Voetbalklub.
O.-voors. S.S.B.



MNR. M. J. STRYDOM, wenner van die Besembos-beker vir die beste artikel.



MEJ. MARIETA DU PLESSIS (A.S.B.)
1955: Add. lid op Debatsbestuur.
Add. lid op A.S.B.-bestuur.
1956: Sekr. van Debatsvereniging.
Add. lid op A.S.B.-bestuur.

# NUUSBROKKIES

Hopelik sal met die bouwerk van die nuwe Administrasie-gebou in November vanjaar begin word. Die bouwerk van die nuwe Skeikunde-laboratorium sal vroeg in 1956 aangepak word.

Daar word nog gewag op die argitekplanne vir die oprigting van 'n kaffeteria en kombuis by die Totius-gedenksaal.

Daar sal eersdaags begin word met die teer van die paaie op die Universiteitsterrein.

**Mnr. T. van der Walt,** junior lektor in Skeikunde, tree op 31 Desember vanjaar uit diens.

Die Universiteit open a.s. jaar op **17 Februarie.** Daar sal geen vervroegde aanvangsdatum vir enige kursusse wees nie.

Vanaf 1956 sal Biologie nie meer as vak deur die Universiteit aangebied word nie.

Nuwe Dekane vir 1956-1958. Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte: **Prof. F. J. Labuschagne.**

Fakulteit van Sosiale Wetenskappe: **Prof. D. C. S. du Preez.**

Fakulteit van Opvoedkunde: **Prof. H. J. J. Bingle.**

**Mej. A. D. van der Walt** is vanaf Januarie 1956 benoem as junior lektrise in Frans.

MALAN MEUBILEERDERS
S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,
POTCHEFSTROOM.
•
KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

DAMES!!
Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT
teen baie redelike pryse.
CACHET MODES (EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 56A — FOON 1389
POTCHEFSTROOM

Schoonhoven Haarkappers
„Dames en Here Studente! . . . . "
Hier is die adres van u Ned. gedipl. Haarkundige Haarkapper:
Foon 1486. Eienaar: G. SCHOONHOVEN.

DRINK en GENIET . . . . . .

**S & S**

**Super Dilla**

**en**

**Super Orange**

•

**Sherr & Shakinovsky**

AUTOLAAN,

POTCHEFSTROOM.

Telefoon 16.

Vir bevredigende diens . . . . !

besoek

**DIE LOKALE HAARKAPPERS**

**KING'S HOTEL-GEBOU,**

Kerkstraat 158 — Telefoon 902.

POTCHEFSTROOM.

Eienaar: P. W. Taljaard.

Phone 369 Foon 369

**POTCHEFSTROOM**

For/Vir

**"SUNFROZE"**

**Roomys — Ice Cream**

**TURKSTRA BAKKERY**

Raadpleeg ons vir . . .

- BRUIDSKOEKE,
- BROOD

en

- ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . . !

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**

DIE STUDENTEBEDIENERS.

„Netheid en Kwaliteitswerk"

is ons Leuse.

Bedieners van Dames sowel as Mans.

**WESTVAAL**

Studente !!!

VIR KWALITEIT

DROOGSKOONMAAK

STUUR NA

**WESTVAAL**

# GROOT SLAGTING VIND PLAAS

## MOAB 3 - FILISTER 3

(Spesiaal geskrywe deur die Verteenwoordiger van die „Askalon Mirror").

Die jaarlikse toetswedstryd tussen die Moabiete en die Filistyne is afgespeel op die Vlaktes van Moab. Aangesien die telling 3-3 was, is elke span met n stukkie rubber huistoe.

Die skare van 90,000 was doodstil toe Sy Edele die Burgemeester van Sittim aan die spanne voorgestel is. Haar Edele, mevr. Van Dalsen, was ook teenwoordig.

Hierna is die spanne aan weerskante van die middellyn opgestel. Albei spanne het voormalige toetspelers bevat, nl. Jacob van der Vinne en Lammert Stavast, voormalige Nederlandse spelers, vir die Filistyne, en Frans Cachet, voorheen van Israel, vir die Moabiete.

Nadat die Moabiete afgeskop het, is die wedstryd verwoed voortgesit en kort voor rustyd het Stoker Snyman, haker van die Moabiete, oorgeduik vir 'n drie. Weens 'n sterk wind kon Arie van der Walt nie vervyf nie. Aan die einde van die wedstryd het die veteraan-losskakel van die Filistyne die telling gelykgemaak. Koos Venter het op meesterlike wyse die bal onder Arie van der Walt se neus gedruk. Weens dieselfde wind van flussies kon Jan Visser nie vervyf nie.

Jacs van Rooy, die Moabiete se agtsteman, het skitterend gespeel en verdien 'n plek in die Semietiese span teen die Jafetiete. Jacob van der Vinne, „all-rounder" vir die Filistyne, het getoon dat hy die beste alsydige speler in die wêreld is. Hy was oral te sien — op voorry, op senter, op heelagter en op sy rug.

Ander uitblinkers was Jansie du Plessis (Fil.), Jaap Labuschagne (Fil.), Tjaart van der Walt (Fil.), en Peet Smit (Moab.). Bouie de Klerk, die Filistyne se vlagman het sy span goed ondersteun.

**DIE SPANNE:**

**Filistyne:** Koos de Klerk (Askalon), Jaap Labuschagne (Gat), Peet Steyn (Gat), Willem Maritz (Gat), Hennie Coetzee (Gat), Koos Venter (Gat), Jansie van Vuuren (Gat), Jacob van der Vinne (Gaza), Kiewiet Vermeulen (Gaza), Lammert Stavast (Gaza), Abie Pelser (Gat), Lood Snyman (Pisga, Kapt.), Piet du Plessis (Askalon), Jan Visser (Pisga), Fanie Minnaar (Pisga), en Tjaart an der Walt (Askalon).

**Moabiete:** Arie van der Walt (Kir Moab), Gert Buys (Kir Moab), Flip Snyman (Kirjat-Hasot), Proppie Coetzee (Sittim), Peet Smit (Ar Moab), Tokkie van der Walt (Ar Moab), Piet Pelser (Kirjat-Hasot, Kapt.), Stony Steenkamp (Ar Moab), Stoker Snyman (Kir Moab), Alwyn du Plessis (Kir Moab), Tjaart Steyn (Kirjat-Hasot), Deon du Plessis (Kir Moab), Pieter van der Walt (Ar Moab), Frans Lion-Cachet (Kirjat-Hasot) en Jacs van Rooy (Sittimi.



MNR. P. J. KRUGER, wenner van die P. C. Kruger-beker vir Skaak.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

**PRESIDENT CAFE**

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS

and

- COOLDRINKS.

**J. P. van der WALT APTEEK**

Kerkstraat 111 — Potchefstroom.

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

## *P.U. Filmads of the Week.*

RAMMIE SWANEPOEL: Prince of (Card) Players.
EERSTEJAARDAMES:— Adorable creatures.
VERKIESINGS: What's Cookin'?
ONTGROENING: Raising a Riot.
STASIE BARNARD: So this is Paris.
BETTIE LINDE: Country girl.
DICK PUTTER (jnr.): Adventures of Casanova.
OUBOET DU PLESSIS: The Man who knew too Much.
LANG STONEY: Man from Black Hills.
BLOKTYD: Trouble in Store.
NUWE S.R.: Too Young to kiss.

## *STEL U VOOR:*

Die nuwe S.R. met swart baadjies en hoede.

**I. Kempen** met 'n ystervark as troeteldier.

**Koot Viljoen:** as 'n groentesmous.

**Gert Bester** in 'n trourok.

**Proppie Coetsee** op 'n bottel.

**Rassie Smit** as 'n vendusie-afslaer.

## *ONS WIL WEET!*

Of die mans die eggo altyd as 'n bondgenoot sal beskou. Die eggo beroof die vrou altyd van die laaste woord.

Of die lente met haar towerkrag weer nuwe „lewe en verrassings" gaan oplewer onder ons ou volkie. Die water in die visdamme en die vore is nie meer so koud nie.

Of eksamens liewer gemassa moet word. Dan is al die oefening gedurende die jaar tog nie tevergeefs nie.

Of die lente weer die mense se oorspronklikheid gaan aantas voor die eksamen .Ons moet in die bloktyd besig gehou word.

Alle berigte in hierdie uitgawe van die „Wapad" is opgestel deur die lede van die redaksie, nagesien en van opskrifte voorsien deur die assistent-redakteur, en gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 17, Potchefstroom.

**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

**MNR. VENTER,**

Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,

POTCHEFSTROOM

Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

# ONS SPORT DEUR DIE JAAR

## J. C. Strydom in Studentespan.

Weer eens het die Puk hom wel deeglik op die sportveld laat geld in die afgelope seisoen. Ons is trots op ons spelers wat ons Alma Mater se naam hoog gedra het en op die verskillende breiers vir hulle leiding gedurende die jaar.

**THEOS:**

As ons dink aan Theos, dan dink ons aan U.O.V.S., Tukkies en so vele ander voetbalklubs wat die lof moes afsteek teen die gedugte eerstespan van ons Alma Mater. Die seisoen het begin met een oorwinning op die ander, vriendskaplik sowel as ligawedstryde. Teen die einde van die seisoen het die skoon rekord van die Theos egter 'n paar nederlae getoon, maar dit is te verskoon as ons in ag neem dat verskeie spelers a.g.v. beserings die stewels tydelik of permanent moes neerlê. Tog kan ons met ongekende trots die name van **D. Putter, J. Steenkamp** en **J. C. Strydom** noem wat in die noordelike universiteitspan ingesluit is. Verder **D. Putter, W. I. Duvenhage, J. M. de Wet** met hulle onderskeiding om vir Wes-Transvaal te verteenwoordig en **N. Fourie** wat herherhaardelik as reserwe vir die betrokke provinsiale span gekies is, maar weens 'n ernstige besering nooit kon speel nie. **Weer ons opregte gelukwensings aan J. C. Strydom vir sy insluiting in die Suid-Afrikaanse studentespan.**

**NAVY:**

Die Navy is die span van die jaar. Hierdie betrokke span het een ligawedstryd verloor, een vriendskaplike wedstryd teen Wits en twee gelykop gespeel. Verder het ons tweedespan tot die finaal deurgedring en is vasbeslote om vanjaar die Tod Suttie-beker huistoe te bring.

**O/19:**


Soos altyd is hierdie die sterkste spannetjie in Wes-Transvaal. Ons wens **Lessing, Beetge, Van der Schyff, Roelofse, Kruger, Hugo, Grobler, De Bruin, Heinberg en Ackerman** van harte geluk met hul insluiting in die Wes-Transvaal O/19. Soos u kan sien bestaan die hele span net uit Pukke!

**KRIEKET:**

Die klub het baie goeie ondervinding opgedoen toe hulle deelgeneem het aan die inter-universitêre toernooi op Pietermaritzburg vanjaar. Van die gespeelde wedstryde was twee gelykop. Mnre. **Davis, Craig, C. Coetzee, Potgieter** en **McCrindle** is gekies vir die Potchefstroomse span. Mnre. Davis en Potgieter is ook gekies vir Wes-Transvaal.

**HOKKIE:**

Hierdie klub het alle vriendskaplike wedstryde gewen behalwe teen U.O.V.S., tweede gekom in die liga en deurgedring tot die finaal in die uitklop. Die tweede en derde spanne staan ongelukkig baie laag in die liga, maar dit skryf ons toe aan die baie veranderings in die span. Die tweedespan het gelykop gespeel teen U.O.V.S. en deurgedring tot die semi-finaal. **P. van Wyk, M. J. Strydom, H. Wiese en Dykstra** het in die Potchefstroomspan gespeel.



MNR. B. DUVENHAGE

**TENNIS:**

Ook die tennis het vanjaar aan 'n inter-universitêre toernooi deelgeneem. Die tennis wen alle eerste ligawedstryde, maar vaar minder goed teen U.O.V.S. Hulle wen ook die wedstryd teen Wolmaransstad.

**BOFBAL:**

Neem ook deel aan 'n inter-universitêre toernooi. Speel vyf ligawedstryde waarvan hulle drie buit.

**SWEM:**

Hierdie jong klub gaan van krag tot krag. Neem deel aan 'n inter-universitêre toernooi te Stellenbosch. Meet ook kragte met die plaaslike onderwyserskollege en vaar goed in die waterpolowedstryde.

**ATLETIEK:**

Daar is weer vanjaar deelgeneem aan 'n inter-fakulteitstoernooi. **Willie van Heerden** het die onderskeiding behaal om 'n Suid-Afrikaanse Universiteiterekord op te stel. **Riekert** het ook heel goed gevaar.

**STOEI:**

Daar is vanjaar 'n heel geslaagde toernooi teen die plaaslike onderwyserskollege gereël. Op 5 tot 6 Julie is deelgneem aan 'n inter-universitêre toernooi waarop die Puk se span tweede uit die stryd getree het. Drie word inter-universitêre kampioene: **H. C. Swanepoel (Kapok), D. du Plessis** (veergewig) **en A. Visser** (lig-swaar). **W. Putter** het die beker verower.

Dit was 'n oorsig oor 'n baie geslaagde jaar op die sportveld. Ons wens diegene wat onderskeidings behaal het baie geluk en ook sterkte vir die toekoms.

(J. SNYMAN.)

# *Damessport*

## 'N OORSIG OOR DIE JAAR

## EER AAN ALMA MATER

Op elke vertakking het daar groot entoesiasme en 'n goeie gees geheers en so het die jaar se sport op 'n hoë noot afgesluit. Verskeie dames het hulle onderskei op eie gebied en nie net hulleself laat geld nie maar ook aan die Puk eer gebring.

**KORFBAL**

Korfbal het goed weggespring en die belangstelling was aanvanklik baie goed. Weens gebrek aan 'n afrigter het die spanne egter nie so goed gevaar in die liga- en bekerwedstryde nie. Die eerste span het ook teen Normaal verloor om sodoende uit te val vir die Unieskild. Drie dames het egter vir Wes-Transvaal diens gedoen n.l. **Lidie Bekker, Casper Venter en Stefanie du Plooy. Die kapteine, Lidie Bekker het ook vanjaar die Corrie van Rooy-beker verower.**

**JUKSKEI**

Op jukskei-gebied het die dames ook goed gepresteer. **Anna Struwig** wat vir Wes-Transvaal speel, is op Kroonstad gekies vir die tweede S.A. span. Sy het ook **ere-kleure vir jukskei** vanjaar verwerf. Lidie Bekker, onder-kapteine het die **Glaser-beker vir jukskei** verower.

**TENNIS**

Die tennis-dames was voorspoedig hierdie jaar, maar hulle was baie ongelukkig teen U.O.V.S. Die onderkapteine, **Edna Kruger**, het haar voet beseer net voor die wedstryde en kon dus nie deelneem nie. Die dames het oor die algemeen goed vertoon en Edna se ywer en ongeveinsde belangstelling en hulp word deur almal waardeer.



L. BEKKER, wenner van die C. v. Rooy- en Glaserbekers.

**DAMESHOKKIE**

Ook by die dameshokkie het daar 'n besonder goeie gees geheers. Onder leiding van **Therese van der Merwe** en **Mev. Stopforth** het die spanne ook 'n spesiale beker vir mooi spel en voorkoms verower. Die eerstespan het in die Junie-vakansie aan die Inter-universitêre toernooi in Kaapstad deelgeneem. **Selma van Schouwenburg** het louere ingeoes deurdat sy tot onderkapteine van Wes-Transvaal gekies is. **Ponie du Plessis** het erekleure hierdie jaar verdien deur algemene prestasie en diens aan die klub.



J. C. STRYDOM, wat gekies is om vir die Suid-Afrikaanse Universiteitespan te speel.

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
**Kerkstraat 70 — Telefoon 312**
**POTCHEFSTROOM.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
- **Wynsoorte**
en
- **Spiritualieë**